



VREDE EN VRYHEID

Die *PSI* staan vir vrede, vryheid en selfbeskikking vir alle mense in die stryd om sosiale vooruitgang regoor die wêreld.

Dit sluit in die blootlegging en uitskakeling van die maatskaplike en ekonomiese ongelikhede tussen geïndustrialiseerde en ontwikkelende lande, asook die uitbuiting wat veroorsaak word deur verskeie nasies, wêreldwye finansiële instellings en transnasionale korporasies.

GELYKHEID, BILLIKHEID EN DIVERSITEIT

- *PSI* bevorder gelykheid, billikheid en diversiteit en is gekant teen alle vorme van rassisme en diskriminasie.
- *PSI* poog om gelykheids- en billikheidsbeleid en -praktyke in alles wat ons doen te integreer.
- *PSI* streef daarna om die deelname van die inheemse volke in ons aksie-program te verhoog.
- *PSI* is verbind tot die bereiking van ten minste 50 persent vroue-verteenvoording in ons eie strukture en verwag dat alle geaffilieerdes daarna sal streef om dieselfde te bereik.



Public Services International is 'n wêreldwye vakbondfederasie wat 20 miljoen werkende vroue en mans wat noodsaaklike openbare dienste in meer as 150 lande lewer, verteenwoordig. Ons lede werk in maatskaplike dienste, gesondheidsorg, munisipale dienste, sentrale regering en openbare nutsbedrywe soos water en elektrisiteit. Vroue verteenwoordig twee-derdes van ons lede.

PSI is 'n kampvegter vir menseregte asook 'n voorstander van maatskaplike geregtigheid en bevorder universele toegang tot openbare dienste van gehalte. Die *PSI* werk met die Verenigde Nasies en in vennootskap met arbeids-, burgerlike samelewings- en ander organisasies.

Public Services International

45, avenue Voltaire, BP 9
01211 Ferney-Voltaire Cedex
FRANCE

Tel: +33 450 40 64 64
Faks: +33 450 40 73 20
E-pos: psi@world-psi.org
Web: www.world-psi.org

ONS WERK IN ALMAL SE BELANG



Foto: Mac Urata



Public Services International
Internationale des Services Publics
Internacional de Servicios Públicos
Internationale der Öffentlichen Dienste
Internationell Facklig Organisation för Offentliga Tjänster
國際公務勞運



Foto: Mac Urata

GELYKHEID. WAARDIGHEID. REGVERDIGHEID.

Openbare dienste van gehalte is 'n noodsaaklike deel van 'n burgerlike samelewing waarin elkeen van ons met waardigheid en respek behandel word.

Elke persoon behoort toegang te hê tot toepaslike gesondheidsorg, die geleentheid om 'n goeie opvoeding te kry, gelykheid voor die reg, en in 'n volhoubare omgewing te kan woon.

Wanneer magtige korporatiewe en finansiële belange druk op regerings uitoefen om openbare dienste te dereguleer en privatiseer, is hulle doel om private wins te maak. Dan betaal die gewone mens die prys – in hoër verbruikersfooie, verswakte omgewingstandaarde, en die verlies van demokratiese aanspreeklikheid.

Dit is waarom *Public Services International* 'n kampvegter is vir openbare dienste van gehalte in elke deel van die wêreld. Ons glo dat hierdie dienste 'n belangrike rol speel in die ondersteuning van gesinne, die skep van gesonde gemeenskappe, en die bou van sterk en regverdige demokrasieë.

Staan saam met ons in hierdie belangrike werk!

DIE KRAG VAN BAIE

Public Services International was gestig meer as n eeu gelede, in 1907.

Vandag bring die *PSI* die ondervinding en idees saam, met die krag van 20 miljoen lede, in solidariteit te propageer op die kwessies wat saak maak aan ons en ons gemeenskappe.

Ons internasionale hoofkantoor is geleë in Frankryk, op die Frans-Switserse grens naby Genève. Ons het plaaslike basisse in Barbados, België, Brasilië, Chili, Colombia, Costa Rica, Tsjeggiese Republiek, Ecuador, Indië, Japan, Libanon, Nieu-Seeland, Roemenië, Rusland, Singapoer, Suid-Afrika, Togo, Oekraïne en die USA.

Ons neem trots in demokratiese besluitneming. Die *PSI* affiliasies ontmoet in die Kongres elke vyf jaar vir die verkiesing van die Uitvoerende Raad, en die program van aksie te ontwikkel wat die grondslag vorm vir alle *PSI* werk. Vroue se komitees is aktief by die wêreld-, streeks-en sub-plaaslike vlakke. Ons het 'n pariteit in besluitneming strukture.

PSI werk in ses amptelike tale - Engels, Frans, Duits, Japannees, Spaans en Sweeds, en inligting in baie meer tale.

DIE BOU VAN STERK DEMOKRATIESE VAKBONDE

PSI ondersteun ons geaffilieerde vakbonde deur middel van ontwikkelingsprojekte en opleiding op vakbondvlak, ten einde sowel plaaslike kapasiteit as internasionale solidariteit te bou.

Ons werk nou saam met ons geaffilieerde vakbonde om wetlike erkenning van vakbonde en gratis kollektiewe bedinging te bevorder, werkers se regte te beskerm, en om te veg vir geslagsgelykheid, asook gelykheid en waardigheid vir almal.

PSI verhoog die vermoë van vakbonde om:

- te organiseer;
- volle vakbondregte te bereik vir alle werkers in openbare diens en die openbare sektor;
- regerings te beïnvloed; en
- selfonderhoudend te wees en verantwoordelik te wees vir hul eie beleid en prioriteite, wat tot onafhanklikheid en volhoubaarheid lei deur verhoogde lidmaatskap en demokratiese strukture.

ONS STEMME WORD OOR DIE HELE WÊRELD GEHOOR

Public Services International werk saam met ons lede en bondgenote in 'n veldtog vir maatskaplike en ekonomiese geregtigheid, en vir doeltreffende, toeganklike openbare dienste regoor die wêreld.

IN ALMAL SE BELANG

Public Services International is 'n kampvegter vir:

- Maatskaplike geregtigheid
- Verligting van armoede en skuld
- Gratis kollektiewe bedinging
- Geslagsgelykheid en billike indiensneming
- 'n Sterk en verenigde vakbondbeweging
- Bekostigbare, toeganklike openbare alternatiewe vir privaat, winsdraende dienste
- Openbare dienste van gehalte vir almal

VIR DIE ALGEMENE WELSTAND

PSI is trots om met die *Council of Global Unions* saam te kan werk in die *Quality Public Services – Action Now!*-veldtog wat billike belasting as 'n belangrike sleutel tot die befondsing van openbare dienste bevorder. Sien die Geneefse Handves oor Openbare Dienste van Gehalte (*Geneva Charter on Quality Public Services*) en nog ander hulpbronne by www.QPSActionNow.org.

VAKBOND- EN MENSEREGTE

PSI veg vir respek teenoor die regte en vryhede van vakbonde, asook vir respek teenoor ander basiese menslike regte en vryhede, demokrasie, en maatskaplike geregtigheid regoor die wêreld.